



Geloofwaardige makadamia-bemesting

In die afgelope seisoen het Jacques Bouwer van die plaas *Rabeja* in die Soutpansberg (Limpopo provinsie) ongekende sukses met sy makadamiabome se produksie behaal. Volgens hom is die sukses aan 'n aantal faktore toe te skryf.

Schalk Grobbelaar en Cassie Dorfling
KYNOCHE, LIMPOPO

Die regte bemesting – werk met 'n plan

As deel van Jacques Bouwer se bestuursprogram word blaaren grondontledings elke tweede jaar geneem. Sodoende kan hy die bemestingsprogram deeglik monitor, terwyl gebreke en tekorte volgens die ontledings reggestel word. Benewens die ontledingsresultate word die oes- en opbrengsgegewens

Tabel 1. Oesopsomming vir boorde waarin die bemestingsprogram gevolg is.

Jaar	kg / boom	kg / ha (NIH)	kg / ha (NID)*
2010	2.47	617.5	302
2011	3.18	795.0	389
2012	10.68	2 670.0	1 308
2013	6.08	1 520.0	745
2014	20.37	5 092.5	2 495

NIH = Neut in huls

NID = Droë neut in dop (1,5% vog)

* Let wel: NIH vermenigvuldig met 49% = NID

bygewerk om die bemestingsprogram vir die komende seisoen saam te stel. Hiervolgens word daar nie oorbemes nie, terwyl hy die gemoedsrus het dat die plante "kry wat hulle nodig het". Vir hierdie bemestingstaak maak hy van Kynoch Kunsmis se dienste in opbrengsverbeteringstelsels gebruik.

'n Spesifieke blok is in 2005 met die kultivar (344) op swaar rooigrond (Huttons) met 40 - 45% klei in 'n spasiëring van 8 x 5 m (250 bome/ha), geplant. Die pH van die grond is 5.88 (KCl). Tabel 1 reflekteer die eerste oesopbrengste in 2010. Die gemiddelde uitkraakpersentasie van kultivar 344 was 28%, terwyl die uitkraak op die Beaumonts 31% was, in vergelyking met 'n gebiedsgemiddeld (en uitkraak-aanleg) van 25% op "integs" (344 ingesluit) en 30% by die hibriede (Beaumonts).

Die kleiner oes in 2013 (Tabel 1) word aan die bome se jong leeftyd toegeskryf en aan die 'n alternatiewe dragpatroon.

Maak bemesting kostedoeltreffend

Met bogenoemde inligting en landboukundige inligting was dit moontlik om altyd die mees innoverende produkte in die bemestingsprogram te gebruik wat tot doeltreffender bemesting gelei het.

'n Vars aanslag werp vrugte af

Die afgelope aantal jare het Kynoch 'n produkreeks vir spesifieke plantbehoefte ontwikkel. Een van die nuwe produkte in die Miracle-reeks is "Brio". Dit is in die bemestingsprogram ingesluit. Benewens stikstof, fosfaat en kalium bevat Brio ook kalsium, magnesium, swael, sink en silika.

Brio is in drie gelyke dele in Augustus en Oktober saam met GreenGold™ toegedien. Laasgenoemde bevat 33% stikstof, 8% kalsium en 0,1% boor. Die boorde is verder met 'n aanvullende standaard- blaarvoedingsprogram behandel wat op verskeie fisiologiese stadiums gespuit is, te wete, blomknop/

NA BLADSY 14 >>>



Figuur 1. Magnesium-tekortsimptome voor die gebruik van die Kynoch-produkreeks.



Figuur 2. Magnesiumtekort-simptome verdwyn op nuwe groei ("flush") ná produkopname.



Geloofwaardige makadamia-bemesting

>>> VAN BLADSY 13

breek, vroeë blom, volblom en vruggroei op ertjegrooite. Bykomend tot die bemestingsprogram is 30 tot 40 ton kompos gedurende September en Oktober toegedien, terwyl produkte ook tydens die blaarbespuitings toegedien is om die wortelstelsel te stimuleer.

Gedurende November en vroeë in Desember 2014 het dié spesifieke blok simptome van 'n ernstige magnesium-tekort getoon (Figuur 1). Hierdie toestand is waarskynlik toe te skryf aan die uiterste droë toestand en aansienlike laer reënval. Daarna is 157 mm reën tussen 18 tot 29 Desember gemeet. Die reaksie van die bome ná die goeie opvangs was duidelik sigbaar. Nuwe groei, of "flush", het geen verdere tekorte getoon nie (Figuur 2). Dit blyk dus dat Brio met magnesium die oplossing vir die plantbehoefte was.

Volgens Figure 1 en 2 dui die bome se drag vir die 2015-seisoen op 'n gemiddelde oes. Dit kan aan die gebalanseerde bemestingsprogram wat met Kynoch se produkkombinasies toegeskryf word.

Figuur 3 toon die kultivar Beaumont (695) wat aangrensend tot die spesifieke proefblok geleë is en wat ook dieselfde bemestingsprogram vir die 2014/15-tydperk gevolg het. Die neutset spreek vanself.



Figuur 3. Beaumont-set in die behandelde boord.

Samevatting

Kynoch Kunsmiss se uitgangspunt is bemestingsvoorstelle wat gewasspesifiek, groeistadiumspesifiek en plekspesifiek is. Dit verbeter nie net die bemesting se doeltreffendheid nie, maar is ook tot voordeel van die gewas. Só 'n geïntegreerde benadering word deurentyd deur landboukundiges in opbrengsverbeteringstelsels gevolg om produsente se winsgewendheid te verhoog. <<

14

Voeding volgens plantontwikkeling

VROEË VEGETATIEF EN "FLUSH"



- Met aanvang van nuwe groeiseisoen, gebruik **KynoPop™** vir 'n vinnige wegspring en volg op met **Brio™** as mengsel spesiaal vir effektiwiteit geformuleer.
- Met eertse "flush" van nuwe groeiseisoen gebruik **Nitrabor**, **GreenGold™** en **Brio™** en sorg sodoende dat regte elemente voor blom reeds beskikbaar is vir gebruik.
- Met eerste "flush" is **Fruit OEMFF® Starter** 'n blaarvoeding vir 'n groeikragtige begin.

BLOM EN VRUGSET



- Tydens blom kan 'n kombinasie van **GreenGold™**, **Achilles™**, **Seniphos**, **Nitrabor** en/of **Unika Kalsium** gebruik word om blom-inisiasie en -set te bevorder.
- Tydens vrugset, kan 'n kombinasie, van **Fruit OEMFF® Grow**, **Bortrac**, **Stopit** en **Caltrac** gebruik word om opbrengs en aanleg tot kwaliteit te verbeter.

VRUGVUL EN NA-OES



- Gedurende vrugvul, dien **Fruit OEMFF® Flower & Fruit** toe om die plant se werkverrigting te verbeter. Gebruik ook **Foli-Grande™** of **Foli-Plus™** vir beter opbrengs en kwaliteit.
- Tydens na-oes dien **Fruit OEMFF® Grow** toe om koolhidrate te onderhou.

VRUGTE

Met Kynoch se innoverende en pasmaak-produkte kan jy bemesting volgens jou plante se behoeftes en groeistadiums toedien. So verseker Kynoch dat jou vrugte **kry wat hul nodig het, wanneer hul dit die nodigste het**. Boonop het jy gemoedsrus, omdat jy weet, met Kynoch op jou plaas van meet af aan, haal jy net die beste uit jou vrugte en kan dit lei tot verbeterde doeltreffendheid in kwaliteit en opbrengspotensiaal.

Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.



Farmisco (Edms) Bpk. h/a Kynoch Fertilizer Reg. Nr. 2009/0092541/07

011 317 2000 | info@kynoch.co.za

www.kynoch.co.za

Nie handeldrywend in Wes-Kaap nie.

Achilles™ Reg. Nr. K8967, Bortrac 150 Reg. Nr. B3626, Caltrac BZ Reg. Nr. B3715, Foli-Grande™ Reg. Nr. K8045, Foli-Plus™ Reg. Nr. In proses, GreenGold™ Reg. Nr. K8034, KynoPop™ Reg. Nr. K9101, Nitrabor Reg. Nr. K6395, Brio™ Reg. In proses, Seniphos™ Reg. Nr. K7682, Stopit Reg. Nr. B3625, Unika Kalsium™ Reg. Nr. K6641, Fruit OEMFF® Flower & Fruit Reg. Nr. In proses, Fruit OEMFF® Grow Reg. Nr. In proses, Fruit OEMFF® Starter Reg. Nr. In proses. (Alle produkte is geregistreer onder Wet 36 van 1947)